

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL	
VRAESTEL		1	
PUNTETOTAAL		80	
TYDSDUUR (UUR)		2	
AANTAL BLADSYE		15	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:
AFDELING A: Leesbegrip (VRAAG 1) (30)
AFDELING B: Opsomming (VRAAG 2) (10)
AFDELING C: Taal (VRAAG 3, 4 en 5) (40)
2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop ná **ELKE** antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:
AFDELING A: 50 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** pen.


AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL EN SPOTPRENT

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

MATRIEKMEISIE STORM SEE IN OM JONG MAN TE RED

- | | | |
|--|---|----|
| <p>1. 'n Matriekmeisie van Limpopo het vreesloos die see ingehardloop toe sy 'n swemmer in nood by Bloubergstrand raakgesien het.</p> |  | 5 |
| <p>2. Elani Neethling (18) is tans in die Wes-Kaap saam met haar gesin met vakansie. Haar ma, Annelize, moes Dinsdag vir <i>Maroela Media</i> vertel wat gebeur het omdat Elani en haar sibbe druk besig was op die ysskaatsbaan.</p> | | 10 |
| <p>3. Die gesin het Saterdag op die strand gestaan en na die pragtige tonele om hulle gekyk: die blou see, kindertjies wat sandkastele bou, helder strandsambrele – in 'n neutedop: hoe lekker mense vakansie hou. Skielik het Elani gesien dat 'n jong man in die moeilikheid is. “Sy het vir my gesê: “Mamma, ek dink daai ou verdrink.” “Ek het nog eers gedink die man speel dalk,” sê Annelize.</p> | 15 | |
| <p>4. Elani het 'n tweede keer vir haar ma gesê sy dink daar is fout. Toe, net daar, gooi Elani haar goed neer en skiet soos 'n pyl uit 'n boog, met haar denimbroek en al, die see in.</p> | 20 | |
| <p>5. Annelize sê die water was nie te diep nie en sy het toe ook in die see ingehardloop sodat sy haar dogter kan help wanneer sy die drenkeling na die strand toe bring.</p> | | |
| <p>6. Dié ma het geen twyfel gehad dat haar dogter die man sal kan help nie. Elani swem al soos 'n vis in die water vandat sy agt jaar oud is. Sy is ook al jare lank deel van Ellisras Aquatis op die gesin se tuisdorp. Dit is 'n bekende swemskool wat swemmers leer om uitsonderlik goed te swem.</p> | 25 | |



- | | | |
|-----|---|----|
| 7. | In die see het Gotseba Mabelane (24), wat sowat twee maande gelede van Mpumalanga af getrek het, verlig gesien hulp is op pad. “Ek kon voel ek is besig om te verdrink,” het Mabelane aan <i>Maroela Media</i> vertel. | 30 |
| 8. | Hy werk by die Koeberg-kragstasie en het daardie dag ná werk besluit om met die bus na Bloubergstrand te ry om in die see af te koel. | |
| 9. | “Ek doen dit gereeld en as my vriende nie saam met my wil gaan nie, dan gaan ek alleen,” sê Mabelane. | |
| 10. | Hy was seker so ’n uur in die water toe ’n groot golf hom omgeslaan het. Hy het gesukkel om kop bo water te hou en is deur ’n sterk stroom meegesleur. | 35 |
| 11. | “Ek kon voel ek gaan verdrink. Ek kon slegs met my hande in die lug waai om vir hulp te vra, maar ek dink die ander mense op die strand het gedink ek maak ’n grap. Elani was die enigste een wat gesien het ek is in die moeilikheid.” | 40 |
| 12. | Hy bly so ’n rukkie lank stil en sê dan: “Sy is my heldin. Ek is so dankbaar vir haar. Ek het my ma vertel wat gebeur het en sy het sommer begin huil.” | |
| 13. | Elani het Mabelane kalm gehou en hom gevra om net aan haar vas te hou. Sy sê hy het soos ’n babatjie aan haar vasgeklou. “Ek dink hy het groot geskrik toe hy nie meer die seebodem onder sy voete kon voel nie,” sê Annelize. | 45 |
| 14. | Nadat Annelize gehelp het om Mabelane aan sy arms die laaste ent uit die see te trek, het hulle gehoor hy is alleen op die strand. Hy het gesê sy familie is in Mpumalanga en dat hy gereeld alleen kom swem. | |
| 15. | Annelize het sommer moederlik met Gotseba geraas om nie weer alleen te gaan swem nie. | 50 |
| 16. | Gotseba sê hy het so groot geskrik, hy was nog nie weer by die strand nie. “Dalk bietjie later, maar vir nou het ek nog te groot geskrik,” sê hy. | |
| 17. | En Elani? Volgens haar ma het die insident ’n groot indruk op haar gemaak en is Elani seker daarvan dat sy mense wil help. Sy gaan volgende jaar afneem van haar studies en werk doen by ’n kerkprogram waar sy ook mense kan help. | 55 |

[Bron verwerk uit: *Maroela Media*, *Matriekmeisie storm see in om jong man te red*, 31 Desember 2024]

LET WEL:

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.



- 1.1 Lees die artikel se OPSKRIF en VOLTOOI dan die sin hieronder.
'n Meisie wat in (1.1.1) ... was, het in die see ingehardloop om 'n man te (1.1.2) ... (2)
- 1.2 Watter EEN woord in paragraaf 1 sê vir ons sy was nie bang om in die see in te hardloop nie? (1)
- 1.3 Van watter provinsie af kom die meisie? (1)
- 1.4 Waarom was Elani en haar gesin in die Wes-Kaap? (1)
- 1.5 Waaruit kan jy aflei dat Elani baie lief is vir ysskaats? (1)
- 1.6 Waarom is dit ironies dat Elani en haar gesin in reël 11 en 12 op die strand gestaan en gesien het hoe lekker mense vakansie hou? (2)
- 1.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Elani "skiet soos 'n pyl uit 'n boog." (Reël 19)
Dit beteken dat sy (vinnig/stadig) in die see ingehardloop het. (1)
- 1.8 Waarom, dink jy, het sy met haar "denimbroek en al" (Reël 20) in die see ingehardloop? (1)
- 1.9 Verduidelik wat 'n "drenkeling" is. (Reël 22) (1)
- 1.10 "... soos 'n vis in die water ..." (Reël 25)
- 1.10.1 Word hierdie sinsdeel LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)
- 1.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1. (1)
- 1.11 Kies die beskrywing in KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) in die ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld 1.11.5 F.

Maroela Media berig in die artikel oor Gotseba Mabelane wat byna op 'n strand in die Wes-Kaap verdrink het.

KOLOM A		KOLOM B	
1.11.1	Mabelane se werksplek.	A	Ellisras
1.11.2	Hiervandaan het Mabelane verhuis.	B	Koeberg-kragstasie
1.11.3	Elani se tuisdorp.	C	Mpumalanga
1.11.4	Hier het Mabelane amper in die see gesterf.	D	Limpopo
		E	Bloubergstrand

(4x1) (4)



- 1.12 Watter tipe vervoermiddel gebruik Gotseba as hy ná werk wil gaan swem? (1)
- 1.13 “Ek kon voel ek gaan verdrink.” (Reël 37)
- 1.13.1 Wat het Mabelane gedoen om te wys dat hy hulp nodig het? (1)
- 1.13.2 Waarom het niemand, behalwe Elani, besef dat hy in gevaar is nie? (1)
- 1.14 Wat het Annelize gedoen om vir Elani te help om Mabelane uit die see te kry? (1)
- 1.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
- Mabelane het “soos ‘n babatjie” (Reël 44) vasgeklou aan Elani, want hy was so ... soos ‘n baba.
- A nat
- B moeg
- C honger
- D hulpeloos (1)
- 1.16 Stem jy saam met Annelize se mening dat Gotseba nie alleen moet gaan swem nie? MOTIVEER jou antwoord. (1)
- 1.17 Watter beroep sou jy vir Elani voorstel sodat sy mense kan help? (1)

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS B: SPOTPRENT





- 1.18 Hoe kan jy sien dat die ma en kinders in die kombuis is? (1)
- 1.19 Wat doen die spotprentkunstenaar om te wys dat die jongste kind nog 'n baba is? (1)
- 1.20 “Gelukkige Moedersdag, Ma! En wat gaan jy vir ons voorsit om dit te vier?”
Waarom is die seun se woorde humoristies? (2)
- 1.21 Hoeveel troeteldiere het die gesin? (1)
- 1.22 Hoe, dink jy, voel die seuntjie daaroor om die blomme vir sy ma te gee? (1)

TOTAAL AFDELING A: [30]



AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

- Som die SEWE **maniere waarop jy regdeur jou lewe kan fiks bly** in jou EIE VOLSINNE op.
- Skryf die maniere puntsgewys neer.
- Nommer die maniere van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C

WAT MOET EK DOEN OM REGDEUR MY LEWE FIKS TE BLY?

- | | | |
|----|---|----|
| 1. | Was jy eens op 'n tyd fiks? Jammer, maar as jy baie minder of glad nie meer oefen nie, verloor jy die aanvanklike voordele, soos kardiovaskulêre fiksheid en uithouvermoë. Konsekwentheid is die sleutel. Wissel oefeninge af en hou dit interessant dwarsdeur jou lewe vir die beste gesondheidsvoordele. | |
| 2. | Gaan oefening jou help om maer te word? Nie noodwendig nie. Eet minder en kombineer dit met oefening. Maar onthou: As jy baie gewig wil afskud (meer as 5%) en maer wil bly, gaan jy waarskynlik meer as 300 minute per week aktief moet wees. Kombineer aërobiese oefeninge met weerstandsoefeninge. | 5 |
| 3. | Het jy genoeg geoefen as jy heeldag by die werk op jou voete is? As jy heeldag op jou voete is én beweeg, het jy 'n hoë vlak van fisieke aktiwiteit, maar doen ook daaglikse takies soos om swaar kruideniersware te dra en energieke huis- of tuinwerk. Verhoog die intensiteit sodat jy 'n bietjie sweet. | 10 |
| 4. | Jy sê: "Ek is te oud om te oefen." Nie waar nie! Studies wys ouderdom alléén is nie die oorsaak van groot probleme nie – tot jy in jou negentigs is. Krag en spiermassa kan vermeerder word, selfs op 'n gevorderde leeftyd. Doen aërobiese, balans- en spierversterkingsoefeninge as jy 65 en ouer is. | 15 |
| 5. | Mense kla dat hulle nie tyd het om meer as een keer per week te gaan draf nie, maar enige hoeveelheid wat jy draf hou gesondheidsvoordele in. Selfs een keer per week, teen 'n pas stadiger as 9,65 km/uur, verminder jou risiko vir 'n voortydige dood. | 20 |

[Bron verwerk uit: Sarie, Die dinge oor oefening is nie waar nie, 27 April 2020]

TOTAAL AFDELING B: [10]



AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS D



[Bron verwerk uit: Google]

- 3.1 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woorde tussen hakies.
(*Dishwashing liquid*) word in die advertensie geadverteer. (1)
- 3.2 Wat is die naam van die produk wat hier geadverteer word? (1)
- 3.3 Wie is die teikenmark? (1)
- 3.4 Noem TWEE dinge wat die adverteerder gebruik om vir die leser te wys dat hierdie produk die beste is. (2)
- 3.5 Op watter manier probeer die adverteerder jou oorrede om die produk te koop? (1)



- 3.6 Dink jy die gebruik van borrels is geslaagd? MOTIVEER jou antwoord. (1)
- 3.7 Sal hierdie advertensie jou oorreed om tot aksie oor te gaan?
MOTIVEER jou antwoord. (1)
- 3.8 Gee die TEENWOORDIGE DEELWOORD van die woord tussen hakies.
Hierdie (skuim) produk werk wonderlik. (1)
- 3.9 Die adverteerder verskaf nie die besonderhede oor waar die produk aangekoop kan word nie.
Dink jy dit sal die verkope van die produk negatief beïnvloed? MOTIVEER jou antwoord. (1)

[10]



VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E

MEESTER – DANIE CRONJE



[Bron: <http://meester.yolasite.com/strokies.php>]

4.1 Kyk na RAAMPIE 1.

- 4.1.1 Hoe kan jy sien dat die skooldogter haar projek vir haar onderwyser inhandig? (Noem TWEE dinge) (2)
- 4.1.2 Waarom, dink jy, het Meester 'n pen in sy hand? (1)
- 4.1.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die skooldogter voel (senuweeagtig/kinderagtig). (1)
- 4.1.4 MOTIVEER waarom die skooldogter so voel. (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 2.

- 4.2.1 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Die (skool+seun) staan by Meester se tafel. (1)
- 4.2.2 Watter emosie dink jy ervaar die seun? (1)



4.2.3 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi.

Meester se oë is groter oop as wat dit was in RAAMPIE 1, want hy is ...

A gedaan.

B disrespekvol.

C professioneel.

D geïnteresseerd.

(1)

4.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

In RAAMPIE 3 skrik Meester homself (lam).

(1)

4.4 Kyk na die SPRAAKBORREL in RAAMPIE 3.

Benoem die leesteken wat aandui dat Neelsie hard praat.

(1)

[10]



VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 ARTIKEL

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F

TIENER SLAAP AL (5.1.1) (1 000) NAGTE ONDER DIE STERRE



Dit het begin as 'n klein (5.1.2) (uitdaging) aan homself: hy wou probeer (5.1.3) ('n week lank buite slaap).

Isaac Ortman van Minnesota, VSA, was toe 11 jaar oud. (5.1.4) (Sy gesin was met vakansie in

hul berghut.) Nou is dit al amper drie jaar later. (5.1.5) (Isaac (14) het met 'n dak oor sy kop geslaap) – selfs nie eens toe dit bitterlik koud was buite nie.

(5.1.6) (“Dit sal seker vir baie mense 'n bietjie vreemd wees. Dit is nou ons normale roetine,”) het Isaac se pa, Andrew, gesê.

“Ek is trots (5.1.7) (met/op/aan) Isaac dat hy volgehou het daarmee. 'n Slegte sneeustorm, 'n migraine, 'n tent wat lek ... niks kry hom onder nie.” (5.1.8) (Pa sê: “Isaac het regtig geleer om te volhard.”)

Isaac maak seker hy het die regte toerusting – 'n (5.1.9) (baie warm) slaapsak en (5.1.10) (spesiaal) toerusting om sy kop warm te hou. Hy het soms al in (5.1.11) (tent) geslaap, maar nooit weer in sy kamer nie.

Die rekord vir die (5.1.12) (lank) aaneenlopende tydperk van buite slaap is vier jaar en 46 dae. David Ross van Engeland, toe 'n tiener, (5.1.13) (kry dit in 1980 reg). Isaac (5.1.14) (buit/byt) vas. Jy kan die rekord verbeter.

[Bron verwerk uit: Huisgenoot, 10 Februarie 2023]

5.1.1 Skryf die GETAL tussen hakies in woorde.

Die tiener slaap al (1 000) nagte onder die sterre.

(1)

5.1.2 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

Dit het begin as 'n klein (uitdaging).

(1)



- 5.1.3 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.
Hy wou probeer ('n week lank buite slaap). (1)
- 5.1.4 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Sy gesin was met vakansie in hul berghut. (1)
- 5.1.5 Skryf die sin oor in die NEGATIEWE VORM.
Isaac het met 'n dak oor sy kop geslaap. (1)
- 5.1.6 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Dit sal seker vir baie mense 'n bietjie vreemd wees. Dit is nou ons normale roetine. (omdat) (1)
- 5.1.7 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies.
Ek is trots (met/op/aan) Isaac dat hy volgehou het daarmee. (1)
- 5.1.8 Skryf die onderstaande sin oor in die INDIREKTE REDE.
Pa sê: "Isaac het regtig geleer om vas te byt." (1)
- 5.1.9 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
Isaac het in 'n (baie warm) slaapsak geslaap. (1)
- 5.1.10 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
Hy gebruik (spesiaal) toerusting om sy kop warm te hou. (1)
- 5.1.11 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.
Hy het al in (tent) geslaap. (1)
- 5.1.12 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.
Die rekord vir die (lank) aaneenlopende tydperk van buite slaap is vier jaar en 46 dae. (1)
- 5.1.13 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
David Ross kry dit in 1980 reg. (1)
- 5.1.14 Kies die korrekte HOMOFOON tussen hakies.
Isaac, (buit/byt) vas. (1)



5.2 PRENT

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

TEKS G



[Bron: Google Images]

- 5.2.1 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.
Elke meisie het 'n (vriend) nodig. (1)
- 5.2.2 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.
Vriende laat jou (rustig) voel as jy gespanne is. (1)
- 5.2.3 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
Vriende verdubbel 'n mens se vreugde. (1)
- 5.2.4 Skryf die sin oor in die korrekte WOORDORDE.
Gesonde vriendskap (in jou) (die beste) (bring) (uit). (1)
- 5.2.5 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.
Vriende (ondersteun) mekaar. (1)
- 5.2.6 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.
(Aitsa!/Eina!) 'n Gebroke hart maak seer. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: [40]

GROOTTOTAAL: [80]